**SONDAG: 24**

**VRAAG EN ANTWOORD: 62**

| | | Teks | 1933/53-vertaling | 1983/91-vertaling |
|---|---|---|---|---|
| 62 Vraag: Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie? | | | | |
| Antwoord: Omdat die geregtigheid wat voor die oordeel van God kan bestaan, heeltemal volmaak moet wees en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem | 1 | Deuteronomium 27:26 | Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie; en die hele volk moet sê: Amen. | "Daar rus `n vloek op elkeen wat nie hierdie wet onderhou en nie daarvolgens lewe nie! "Dan moet die hele volk antwoord: Amen!" |
| | | Galasiërs 3:10 | Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie. | Maar almal wat staat maak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek, want daar staan geskrywe: "Daar rus `n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie." |
| en omdat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is | 2 | Jesaja 64:6 | En ons het almal geword soos `n onreine, en al ons geregtighede soos `n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind. | Ons het almal geword soos mense wat onrein is, ons beste dade is soos vuil klere; ons is almal soos verdroogde blare, ons word deur ons sondes weggewaai soos deur `n wind. |

.